Sing vooraf: Psalm 33:10 (p. 160)

10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 119:31 (p. 593)

31 Nogtans wag ek op U, HERE, / wat van al my kommer weet –
op die uitkoms van u woorde / wat my hart nie kon vergeet.
Sal daar nie 'n einde kom nie? / Toef U, HEER, nog met u straf?
Spaar U tog my vyand wat my / graag wil neerdruk in die graf?

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 41:1 (p. 210)

1 Welsalig wie die arme in verdriet / sy hulp en bystand bied!
God sal hom red, en in die dag van kwaad / is Hy sy Toeverlaat.
God sal sy lewe͡in kommernis bewaak / en hom gelukkig maak;
hom nimmer oorgee, dat sy teenparty / oor hom ooit voordeel kry.

Skriflesing: 1 Korinthiërs 1

Teks: 1 Korinthiërs 3:23; Kategismus Sondag 1

maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God.
(1 Korinthiërs 3:23 AFR1953)

Hierdie teksvers is baie persoonlik. Jy behoort aan Christus.

- Raak dit jou nou dat die Bybel so iets van jou skryf?
- Beleef jy daarmee 'n gevoel van troos en tevredenheid, of gaan dit koud langs jou verby?
- Elkeen van ons word hier teen die muur vasgedruk – ons moet persoonlik 'n antwoord gee voordat ons verder kan lees.

Die apostel Paulus waarsku hier teen misleiding. Vers 18 lees:

Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word;
(1 Korinthiërs 3:18 AFR1953)

- Daar is mense wat goed voel en bekommerloos lewe in die wêreld omdat hulle hulleself tevrede stel met allerhande soorte slimpraatjies.
- Hierdie mense dink dat hulle wys is voor die wêreld.
- Hulle het miskien 'n groot geleerdheid vir hulle tyd.
- Maar hulle lewe troosteloos.

As dit nie daadwerklik vir jou gemoedsrus verskaf dat jy weet dat jy aan Christus behoort nie, is jy besig met selfbedrog!

- Dan het jy geen troos of versekering in hierdie lewe, of in die lewe na die dood nie!
- Dit is juis die rykdom van die Christen dat hy 'n waarborg het dat daar vir hom 'n lewe wag wanneer hierdie lewe op die aarde verby is.
- Die waarborg is daarin dat ek aan Christus behoort.

Paulus noem die geweldige gevolge daarvan om aan Christus te behoort.

- Dit gee jou mag oor die wêreld, oor lewe en oor dood – selfs oor die huidige tyd en oor die toekomende dinge.
- Nie een van ons kan ons aan hierdie dinge onttrek nie, en ook nie een van ons kan dit verander nie, maar in Christus kan ons dit beheers. Alles behoort aan ons.

Dit gaan hier natuurlik nie net om die gelowige as individu nie. Dit gaan ook oor die Kerk.

- Die Kerk behoort ook aan Christus.
- Trouens, die Kerk is die Here Jesus Christus se Bruid.
- Die Here Jesus Christus is die Hoof van die Kerk, en Hy laat hulle deel in al die heerlikheid wat Hy verwerf het met die kruisdood.
- Die Here Jesus Christus is deur God self gestuur, en daarom is die werk van Christus ook vas en gewaarborg in God self.

Maar mens kan onpersoonlik na al hierdie dinge sit en luister – sonder dat dit by ons indring.

- Daarom moet ons na onsself kyk, en toets of ons die eienskappe vertoon van iemand wat aan Christus behoort.
- Ons moet dan duidelik onderskei of hierdie belydenis van ons eerlik is.
    - Dit beteken dat ons moet uitmaak of dit lippetaal of harttaal is – dit is totaal twee verskillende sake.
    - Die een is 'n voorwerplike belydenis en die ander een 'n onderwerplike belydenis.
    - Die onderskeid tussen die twee is dit:
        - Ek kan met my mond bely dat ek aan 'n heilige algemene Christelike Kerk glo.
        - Maar dit beteken nie dat dit noodwendig 'n lewende belydenis is nie, want dan is ek dalk 'n mens wat nooit my voete in die kerk sit nie.
    - 'n Lewende belydenis is wanneer ek die kerk besoek en al my verpligtinge nakom – met ander woorde 'n belydenis wat met die daad gepaard gaan.
    - Dit is 'n daadwerklike bevestiging van jou mondelinge belydenis.

As ons dan hoor: **Julle behoort aan Christus**, watter kenmerke vertoon ons as bewys dat ons dit nie maar net sê nie, maar dat ons dit waaragtig glo?

Die uiterlike kenmerke van ’n persoon wat sy lewenstroos vind in die feit dat hy aan Christus behoort, is gewoonlik die volgende:

- Sulke mense is meestal moedig in hulle beproewinge.
- Wanneer hulle treur, kan ons sien dat hulle nie ongelowig is en God verwyt soos die heidene nie.
- Wanneer hulle teëslae ondervind, glo hulle steeds dat God ook daarin die goeie oor hulle sal beskik.

So iemand leef soos ’n verloste.

- Hy verheerlik homself nie.
- Hy besef sy eie sondes en doemwaardigheid, en is oneindig dankbaar dat God hom dit vergewe het in Christus se verdienste. Hy weet ook dat dit juis hierdie saak is wat hom aan Christus laat behoort.

Het ons ’n werklike behoefte aan die waarheid? Besef u dat ons baie tekortkominge het?

- As ons nie hierdie troos dat ons aan Christus behoort werklik aanvaar nie, kan ons maklik uitgeken word deur dié wat hierdie belydenis beleef.
- ’n Kind van Christus besef sy onvermoëns wat deur die sonde gekom het.
    - Dikwels moet hy stuit voor lewenservaringe wat buite sy mensekrag is.
    - Terwyl die een met die valse belydenis in magtelose woede alles in die lewe wil maak en breek.

Die een wat ten diepste weet dat hy aan Christus behoort, ken en vertrou God.

- Hy weet om te glo dat die raadsplan van die Vader vir hom voorsien in sy onvermoë.
- Daarom het hy daadwerklike behoefte aan versoening met God, en is die anker in sy lewe die feit dat hy aan Christus behoort.

’n Mondbelyder wat bely dat hy ’n besitting van Christus is, is telkens verhard in sy sondes.

- Die diep gelowige is berouvol, en streef na bekering, omdat hy in dankbaarheid wil gehoorsaam wees aan Christus wat hom met sy lewensbloed moes loskoop van die satan.
- Daarom is daar vir die gelowige altyd hoop in die lewe, al is die omstandighede ook soms hoe bitter ook al.

Die verskil kom ook daarin uit dat die een nugter is in sy belydenis.

- Hy besef die volle konsekwensies van Christus se kruisdood, naamlik dat dit vir dié wat aan Christus behoort tot die lewe is, en vir die verwerpers en valse gelowiges tot die dood is.
- Die valse belyder word deur Paulus een genoem wat in die nag dronk is (1 Tessalonisense 5). Iemand sonder geestelike vastigheid.

As die apostel Paulus dit in hierdie gedeelte het teen die wysheid van die wêreldling, beteken dit nie dat die een wat aan Christus behoort sonder kennis is, of moet wees nie.

- Hy het ook kennis en geleerdheid.
- Hy het ook geld, en kan ook ryk wees as God dit so oor hom beskik.

So ’n mens het ook deel aan die genot van skoonheid en kuns.

- Maar hy het deur Jesus Christus deel daarin.

- Dit maak ’n groot verskil, want vir die wêreldling of die halfgelowige is sy geld en sy kuns sy verlossing, want daarin wil hy sy eie magtigheid aan die mense ten toon stel.
- Dit gebeur ook baie dat hierdie mense daadwerklike mag wil uitoefen oor ander mense met hulle geld en geleerdheid.

Maar die een wat aan Christus behoort, sien alles anders.

- Hy weet dat alle besit aan God behoort, en dat God hom in Christus ’n bestuurder van God se eiendom maak.
- Hy besef dat sy besittings en sy geld aan God behoort, en dat hy daarom telkens die deel wat God vereis moet opneem na God se tempel toe.
- Hy benader sy kuns ook so.
    - Dit is nie sy vindingrykheid en skeppingsvermoë wat hy ten toon stel nie.
    - Dit is die gawe vir die mooie wat God aan hom toevertrou het wat hy beoefen.
- Sonder Christus is hierdie gawe dus nie tot sy saligheid nie.

Klop ons lewens met hierdie eienskappe wat iemand wat aan Christus behoort moet vertoon na buite?

- Elkeen van ons se lewe behoort te bewys dat ons skuld deur Christus betaal is.
- Elkeen van ons se lewe behoort te bewys dat ons sondes deur God vergewe is.
- Elkeen van ons se lewe behoort te bewys dat ons nie meer aan die satantiran behoort nie.

Om aan die Here Jesus Christus te behoort, het verreikende gevolge.

- Dit gaan by hierdie lewe verby. Ons moet almal doodgaan. Wat dan?
- Die een wat aan die Here Jesus Christus behoort, huiwer weer nie.
- Die feit dat hy aan die Here Jesus Chirstus behoort, maak ook juis voorsiening vir die lewe na die dood.
- As dit nie daarvoor was nie, sou dit sy krag verloor het om aan Christus te behoort.

Daar kom ’n dag wanneer die Here Jesus Christus terugkom na die aarde toe.

- Dan kom Hy om die oes in te samel onder mense.
- Hy kom dan om dié wat aan Hom behoort te versamel in sy koninkryk.

Hy sal kom met geweld en verskrikking.

- Hy is dan die Regter wat oordeel tot die dood toe, of tot die lewe toe.
- Daardie dag beëindig Hy ook die tyd waarin ons lewe.

Dié wat daardie dag nie aan Christus behoort nie, is troosteloos sonder uitsig. Hulle gaan ’n ewigheid van smart en geween en gekners binne.

Maar dié wat aan Hom behoort, gaan ’n ewigheid van vreugde en heerlikheid in.

- Om aan die Here Jesus Christus te behoort gaan dus by hierdie lewe verby.
- Dit gaan sover dat ek in lewe en in sterwe aan die goeie sorg van Christus toevertrou is.
- Dit is juis omdat ek lyfeiendom van Christus is, dat Hy vir my ook woning gereedmaak in die huis van sy Vader.

Hierdie leer van verlossing en van *behoort aan Christus* maak nie sorgelose mense nie.

- Die sorgeloses is valse belyders.

- Hierdie leer kweek juis versigtige mense.
- Ons moet dan juis nie sorgeloos en roekeloos leef nie, maar ywerig en volhardend in die leer van dankbaarheid.
- Die leer vereis nougesetheid en pligsgetrouheid in elke opsig van jou lewe, want as jy aan Christus behoort, mag jy nie die gawes en geleenthede verkwis wat die lewe jou bied nie.

Ons lewe veral nou in ’n tyd van spanning, en daarom moet ons hierdie teks en sy waarheid ten volle aangryp, en ons eie maak.

- As ons aan die Here Jesus Chirstus behoort, kan daar enigiets gebeur, sonder dat ons hoef te vrees, want ons weet dat Christus vir ons voorsiening maak.
- As ons aan die Here Jesus Christus behoort, beteken dit nie noodwendig dat Hy sal sorg dat daar geen liggaamlike smarte of pyniging oor ons kom nie.
    - Dit bly moontlik dat dit sal gebeur, maar dan omdat die Here Jesus Christus ons die krag gee om dit wat oor ons kom, te kan verduur.

Hieroor kan daar nie twyfel wees nie. Elke liggaamlike saak wat oor ons kom, is deur God tot in die allerfynste besonderheid beplan, en presies so gebeur dit. Veral op twee plekke leer die Here Jesus Christus dit.

- Eers waar Hy sê dat daar nie eers ’n haar van jou hoof kan afval as dit nie die wil van God die Vader is nie.
- Op ’n ander plek sê Hy dat daar nie eers ’n mossie op die aarde val sonder die Vader nie. As daar selfs vir die dood van ’n mossie in die raad van God voorsiening gemaak word, hoeveel te meer kan ons nie daarop staatmaak nie – want ons behoort aan Christus.

Leef dan nie in vrees nie, maar ook met spontane blydskap. Want die Here Jesus beskik die dood oor dié wat teen God is, maar Hy gee lewe tot in ewigheid aan dié wat aan Christus behoort by sy koms.

Op hierdie Skrifwaarhede grond ons belydenis hom in Vraag 1 van die Heidelbergse Kategismus as daar gevra word:

Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

En ons dan **antwoord:**

Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe, nie aan myself behoort nie,
maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus, wat met sy dierbare bloed
vir al my sondes ten volle betaal het,
en my uit die heerskappy van die Duiwel verlos het, en my so bewaar het dat
sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof sal val nie;
ja, ook dat alles tot my saligheid moet dien.
Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe,
en maak Hy my van harte bereid en gewillig om verder vir Hom te lewe.

Amen.

Slotgebed

Ons loof U omdat U groot en goed is, en goed is sonder end. Ons dank U dat ons u lyfeiendom geword het deur u kruisdood. Ons dank U, Here, dat ons daarom die hoop het op ’n beter lewe hierna.

Amen.

Skrifberyming 15-7:1, 4. (SB 43:1, 4)

1 Hy wat heilig en waaragtig / en omkleed is met gesag,
wat die sleutel dra van Dawid, / hoogheidsteken van sy mag –
daar is niks wat Hom kan hinder, / wat sy magsvermoë stuit,
wat kan sluit as Hy wil open, / wat kan open as Hy sluit.

4 Omdat jy die Woord bewaar het / van my lyde͡en lydsaamheid,
is Ek jou ook ’n Bewaarder / in die uur van sware stryd
as die tye van besoeking / (elke mond sal dan verstom!)
oor die aarde͡en sy bewoners / in die felste smarte kom.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 Februarie 2008